TLU SA KONGRES

"Groei saam"

18 September 2013

John Rankin

ROL VAN DIE BOER IN DIE WAARDEKETTING

INHOUD

1. INLEIDING 2

2. DIE WAARDEKETTING IN ONTWIKKELENDE EKONOMIEë 2

3. ONVOLHOUBAARHEID, VERANDERING EN KOMMODITEITSGEDREWE LANDBOU 2

4. DIE NUWE EKONOMIE 3

5. DIE NUWE LANDBOU 4

6. OPLOSSING 5

7. DIE NUWE BOER 5

8. PAAR GEDAGTES 6

9. BIBLIOGRAFIE 6

1. INLEIDING

Ons onderwerp vandag en die rol wat boere in die ekonomie en in die waardeketting moet speel, is ’n krities belangrike aspek waaraan aandag gegee behoort te word deur elke boer. Die wêreld het geweldig baie verander sedert die 70s, boere moet sterk stemme en teenwoordigheid kry, as hulle nie oorgesien wil word in die ekonomie en in die politiek nie. Die ekonomiese omgewing, natuurlike omgewing, sosiale omgewing en die politieke omgewing het geweldig verander. Ons het groot strukturele veranderinge ondergaan wat ’n impak op ons het, en nog meer gaan maak in die toekoms. Dit is dus belangrik dat ons die veranderinge so moet probeer stuur dat ons daarby kan baat.

Ek dink nie daar is baie van ons boere vandag wat vir my kan sê hoe die boer van die toekoms gaan lyk nie. Die industrie gaan totaal verander, verandering is nie noodwendig sleg nie, maar dis belangrik om met verandering te werk dat die slagte minimaal sal wees.

Vir die toekoms moet ons krities dink, skepties wees, moenie alles aanvaar wat leiers, regerings of die media sê nie. Die teenoorgestelde is ook waar, ons moenie iets nie glo nie, net omdat ’n sekere persoon dit sê nie. Dink, praat, soek nuwe idees, kry inligting om ingeligte besluite te neem.

2. DIE WAARDEKETTING IN ONTWIKKELENDE EKONOMIEë

Daar is vandag ’n nuwe fokus op die waardeketting in ontwikkelende ekonomieë. Die waardeketting is ’n weg om waarde by te voeg, kan plattelandse ekonomieë diversifieer, en kan plattelandse huishoudelike inkomste laat styg. Ons moet anders kyk na landbou, nie na oorlewing of bestaansboerdery, soos in meeste plekke in Afrika dit doen nie. Maar as ’n kommersiële besigheid wat met die plaaslike en internasionale mark in kontak is.

Fundamentele veranderinge in die internasionale omgewing het ’n globale integrasie tot gevolg gehad. Die vloei van goedere, dienste, kapitaal, tegnologie, idees, en mense bied enorme geleenthede om groei aan te wakker deur middel van produktiwiteit te verbeter, effektiwiteit te verhoog, en toegang tot nuwe markte en idees. Dit bring ook ander uitdagings in die vorm van kwaliteit standaarde ens. Asook koste implikasies.

Groei in die sub Sahara Afrika was 3/4 van die van die res van die wêreld en 1/2 van Asië vanaf 1970. Afrika se handel het vanaf 4% in die 70s tot 2% nou geval. Die grootste impak is op landbou uitvoere, met 12% van die bewerkbare grond het Afrika se uitvoere van 10% na 3 % geval. Hierby is die lande soos Nigerië wat agv olie 61% groei in uitvoere gehad het. Dit dui alles op baie swak prestasie op ons kontinent. Ons uitvoere word gekenmerk deur kommoditeite 40% brandstof, 20% landbou van Afrika se uitvoere. Dit alles word onverwerk uitgevoer.

Die groei in China en Indië het baie geleenthede vir ons geskep, die vraag na natuurlike hulpbronne het Afrika baie gehelp. Maar sonder verbeterings in die besigheidsomgewing, en mededingendheid, sal ons bly om lae waarde produkte uit te voer, en nie deel in die waarde toevoeging in wêreldhandel nie. Om inkomste te verhoog moet daar beter kanale wees om in die mark te kom, bv. infrastruktuur, finansiëring, energie, veiligheid, geen korrupsie.

Een manier om mededingendheid te verbeter, is om meer effektief te produseer, ons kan dit meet aan waarde toegevoeg per werker. By ons is dit die laagste ter wêreld. In vergelyking met die res van die wêreld is hulle 3 maal meer produktief as ons werkers en Suid Amerika 10 maal.

Die stappe wat mekaar volg vanaf produksie tot aflewering van ’n produk by die verbruiker noem ons die waardeketting. Produktiwiteit en effektiwiteit in landbou se waardeketting is dus die basis vir sukses in sub Sahara en SA se ekonomieë en inkomste in plattelandse gebiede. Waarde kettings moet geskoei wees op

- vertroue en samewerking,
- regulering,
- markkragte,
- innovasie en kennis, en
- fokuspunte.

3. ONVOLHOUBAARHEID, VERANDERING EN KOMMODITEITSGEDREWE LANDBOU

As ons terug kyk 100 jaar op hoe ons in SA landbougrond begin ontwikkel het, stem dit baie ooreen met hoe die wêreld op daardie stadium dit gedoen het. Veral in droër areas is daar foute gemaak, en was boerderye nie volhoubaar nie. Grond is geploeg wat nie lande moes wees nie, en is toe weer na weiding omgeskakel soos in verre Noordweste of anders bewerk met rippers soos in die Vrystaat. Dit is gedoen omdat kundiges op daardie

stadium gedink het, dat as jy die grond ploeg bewaar jy ondervog. Op sekere plekke werk dit nie, daarom moet jy nie alle kundiges vertrou nie, hulle mag dinge weet wat jy nodig het, maar jy is die een wat oor die langtermyn met jou besluite winsgewend moet boer.

Daar was al baie veranderinge in landbou, kunsmis, baster saad, chemie, Gmo's, presisie boerdery ens. Wat ons uit die verlede leer is dat wat nou aan die gang is, nie blywend sal wees nie. Wat jy om jou nou sien sal nie so wees oor 20 jaar nie.

As ek 'n voorbeeld kan gebruik, kommoditeit spesialisering.
In die begin was plase baie buigbare en gediversifiseerde besighede. Op ons plaas in my oupa se tyd, het ons verskeie gewasse geplant, mielies, koring, sonneblom, perskes. Asook 'n groot groente tuin met alles en nog meer. En die lewende hawe was net so baie, beeste, skape, varke, perde, hoenders, ganse en tot tarentale. Daar was 'n verskeidenheid om te verkoop, eiers, melk, botter, room en al bogenoemde. Ons praat baie van Diversifikasie, maar dit was diversifikasie. Hulle het dus bestaans en nie kommersiële aktiwiteite omskep en in gewerk om 'n ekonomie op die platteland te skep.

Dwars oor die wêreld sedert die 20s tot die 60s, het boere begin spesialiseer in sekere kommoditeite. Dit is deur die regerings aangemoedig, navorsing het dit aanbeveel, bemarkingsrade is gestig. Dit het alle boere dus op een pad gebring en dit is om te spesialiseer. Ons het bv. op mielies en beeste gefokus, daar is selfs boere wat net op mielies bv. gefokus het.

Wat belangrik is om te besef is ons produseer 'n kommoditeit. Wat generies, deur almal geproduseer word, in grootmaat vervoer kan word, as 'n inset by 'n ander industrie gebruik word, en geprosesseer word voor dit by die verbruiker eindig. Ons het dus bemarkingsrade en kommoditeitsorganisasies gestig om ons kommoditeite te hanteer. Ons het dus 'n kommoditeit spesialiseringsmentaliteit.

Met deregulering het baie goed verander, maar spesialisering het gebly. In baie opsigte dink ek dit gaan nog groter word. Boere gaan in variëteite van gewasse spesialiseer, en op individuele stadiums van produksie en bemarking. Maar ek dink hul karaktertrekke gaan begin verander van kommoditeite. Die probleem met 'n kommoditeit is oor die tyd het hul pryse afgekom, en die winsgrense word kleiner. Wat die meeste van ons doen, is om meer en meer te produseer, groter en groter plase te bewerk net om te lewe met die kleiner winsgrense. Dit sal voortgaan, maar ek dink ons is besig om 'n breekpunt te bereik.

Mielies oor tyd sedert 1900's, was baie duur. As jy die neiging met inflasie bekyk. Het dinge begin versleg soos wat die VSA, Argentinië, Brasilië en die wêreld bygekom het met produksie, het pryse begin daal. Nuwe tegnologie, soos infrastruktuur het veroorsaak dat mielies tans goedkoper van Iowa tot by Durban vervoer kan word as van Lichtenburg tot Durban. Net tydens die 2 wêreldoorloë en in die 70's het dit effens gestyg anders het dit gedaal.

Nou wat beteken dit vir die nuwe ekonomie, nuwe landbou en ons as boere?

4. DIE NUWE EKONOMIE

Ons dink aan die nuwe ekonomie en die gedagtes van hoë tegnologie industrieë, dot com maatskappye en die onlangse aandele borrels kom voor. Maar daar is iets meer fundamenteel aan die gebeur, dinge wat die interne strukture en eksterne verbindings beïnvloed van alle industrieë. Ek gaan nie nou te diep in die ekonomie ingaan nie, maar net 'n paar punte uit lig.

Die ou ekonomie is voor die 70's industriële ekonomie wat ons almal ken. Dit was standaardisering, groothandel, bestuurseffektiwiteit, en duidelik gedefinieerde lyne van outoriteit en kontrole. In landbou het ons dit gedeel en wetenskaplik, ons bestuur probeer verbeter.

Daar is 4 aspekte in die wyer omgewing.

Eerstens die belangrikheid van kennis en informasie. Dit beteken nie ons moet meer kennis en inligting noodwendig hê nie, alhoewel dit goed is. Dit gaan een van die faktore wees wat ons organisering gaan beïnvloed, bv. sekere aktiwiteite gaan jy deur ander laat doen, wat dit dalk beter doen, en dan basies die koördineerder word. Mag en rykdom gaan dus aan die met kennis behoort en nie aan die met die produk nie. Nou dit laat jou bietjie anders dink oor hoe jy jouself wil posisioneer vir die toekoms.

Tweedens die groei in dienste, waar daar in die verlede industrie ten koste van primêre produksie gegroei het, gaan dienste ten koste van alles groei. Ons as primêre produsente suig dus in die nuwe en ou ekonomie aan die agterste speen.

Derdens, gaan daar netwerke gevorm word. Deur kontraktering, outsourcing, joint ventures sal besighede meer vloeiend en buigbaar word. Selfs intern kan die goed plaasvind. Die regte bondgenote en buigbaarheid gaan sleutel sukses faktore van die toekoms word. Dit gaan 'n netwerk van besighede wees, wat interafhanklik gespesialiseerd saamwerk om verbindings en vennootskappe te versterk.

Laastens, Die verbruiker se keuses, nisse en voorkeure gaan die ekonomie bepaal. Aanbod gedrewe ekonomie gaan na iets meer kompleks en dinamies verander.

Nou wat gaan dit vir ons as boere beteken.

5. DIE NUWE LANDBOU

Nou by elke vergadering waar ek kom, hoor ek dat boere met passie en oortuiging redeneer dat 'n boer moet 'n bestaan kan maak uit boerdery. Ons moet deur mielies te plant, of met beeste te boer genoeg verdien om ons families te onderhou. Die Regering of TLU SA of Graan SA moet pryse verseker wat dit moontlik maak.

Of

Dit is my werk om te produseer, dit is wat ek ken, dit is waarin ek goed is. Ek wil nie my bekommer oor die produk en bemarking as dit eers van die plaas af is nie.

Nou dié standpunte is magtig en dit is moeilik om nie daarmee te simpatiseer nie. Die druk, die waardes en die ideale daar agter, alles klink mos net reg.

Maar as jy kyk na waarheen landbou oppad is, is dit uitlatings soos dié, in hul fondasie, nie meer bruikbaar in môre se landbou nie. Wat ons gaan moet doen om ons self te onderhou, waaroor ons, ons gaan mee moet bekommer anders as produksie, is vrae wat in die lug is.

Ons het al almal gehoor van waarde toevoeging. Party van ons is al moeg daarvoor. Maar dit is deel van die groter strukturele veranderings wat ons in die oë staar. Die rede waarom waarde toevoeging so belangrik is, is omdat daar sekere dele in die waardeketting is, waar jy mag en rykdom kan ontgin. In landbou vloei die rykdom nie altyd na ons as produsente nie.

As ons baie eenvoudig daarna wil kyk, kan ons sê dat as 'n produsent nie gelukkig is met sy prys nie. Moet hy betrokke raak hoër of laer in die waardeketting. Om te verseker hy kry wat hy nodig het. Ons noem dit vertikale integrasie. Deesdae word waardekettings gereorganiseer en verander, maar nie noodwendig in ons guns nie.

Een van die eerste industrieë in landbou wat 'n baie goeie voorbeeld is, is die hoender industrie.

Die boer moet 'n gegewe genetiese kuiken koop, wat aan hom verskaf word deur 'n bepaalde besigheid, en kontrakte om die hoender te voer in 'n spesifieke manier, en te lewer op 'n spesifieke manier met sekere karaktertrekke op 'n bepaalde datum word geteken. Terwyl die besigheid onderneem om jou produk te koop, moet daar aan sy vereistes voldoen, om maksimum wins vir sy prosessering en bemarkingsaktiwiteite te verseker. Die boer dra die risiko as iets verkeerd loop. Boonop moet die boer aan omgewingstandaarde, soos ventilasie en ander sisteme, voldoen. Dan kan die maatskappy ook dikwels die prys bepaal.

Die boer word dus 'n werknemer en is nie meer onafhanklik soos hy dink nie. Hy is amper soos die eienaar van 'n franchise. As jy 'n plaas koop is dit soos om 'n McDonalds te koop, dit is joune om te bestuur, binne die reëls van die groter maatskappy.

Dit is een vorm van vertikale integrasie. Elke deel van landbou sal 'n vorm hiervan sien, by graan sien ons die onlangse korporatiewe boerderyskemas wat die lig sien. Baie keer hoor ons van die gevare van korporatiewe boerderye, maar 'n besigheid hoef nie die plaas te besit om beheer en wins uit die plaas te kry nie. Boerdery is die beste in die boer se hande, wie naby, en intieme kennis van sy grond en van sy diere het. Die gevaar is dat ons beheer gaan verloor sonder om ons grond te verloor.

Landbou produksie is 'n unieke industrie. Dit is seker die enigste sektor met klein en medium besighede wat oorheers. Vervaardiging en finansiëring word deur groot maatskappye gedomineer. Multinasionale maatskappye, groothandel kettingmaatskappye en franchises is volop terwyl ons nog baie onafhanklike boere het. Die rede is ons unieke kennis van ons grond en praktyke, en unieke sterkpunte dat ons plaas ondersteun word deur 'n familie wat dit dikwels bewoon en bewerk. 'n Ver afgeleë hoofkantoor sal nie so aanpasbaar kan wees soos 'n familieplaas nie. Dit sê vir my dat boere sal bly bestaan in die nuwe ekonomie en waardeketting,

en sal nie deur masjiene en groot maatskappye vervang kan word nie. Maar dit sê nie ons gaan winsgewend wees nie. Dit is moontlik om al die boere op die plase te hou, en die mag en wins na ander te laat gaan. Vir my voel dit baie soos die situasie waarin ons nou is.

Soos landbou ooreenkomste voortgaan sal daar baie veranderings kom in die verhoudings met verskaffers en verwerkers. Kontrakte is gewoonlik op die markprys gebaseer. Soos wat produkte onder kontrak verbou groei, gaan die mark verklein. Daar gaan 'n dag kom dat produkte onder kontrak meer gaan wees as die op die ope mark. Daar is reeds takke in landbou wat die punt bereik het.

Wat gebeur as die mark nie meer pryse bepaal nie? Soos wat die mark se belangrikheid daal, so sal bedingingsmag groei. Die terme sal dan van die relatiewe mag van die produsent en die verwerker afhang.

As alles dieselfde bly, dink ek die boer gaan aan die kortste end trek.

Selfs waar die boer nie uitgelewer is aan kontraktuele verpligtinge nie, is daar sekere uitdagings. Daar is kostes met die soek van ooreenkomste, onderhandelinge en monitering van kontrakte. Produsente sal die kostes laag probeer hou, asook die tyd wat dit neem en die risiko. Landbou gaan in 'n netwerk ekonomie funksioneer, en ons gaan moet leer om binne die netwerk te beweeg.

So wat kan ons as boere doen?

6. OPLOSSING

Ek het 3 planne met 'n moontlike 4de een.

a. Boere moet regerings hulp kry om hul in hul land te beskerm teen gesubsidieerde produkte. Dit is moontlik maar omdat ons regering nie noodwendig ons belange op hul harte dra nie, sien ek nie dat dit 'n groot rol gaan speel nie. Maar dit is wel 'n baie groot faktor. Wat ons kan help?
b. Koop groepe, wat ons mededingingsmag met verskaffers en verwerkers verbeter. Die groepe se welslae in die VSA en Europa en selfs in SA, wys dat dit werk.
c. Eienaarskap van insette en prosessering kan boere laat deel in winste in die waardeketting. Hy kan ook inkomste en bestuur beïnvloed, om nie die boer uit te buit nie. Boere kan onafhanklikheid behou en deur in 'n groep net bietjie van sy onafhanklikheid op te gee. Hierdie is een van die populêrste opsies tans in die VSA en Canada. Daar is 'n rede vir die nuwe koöperasies, omdat die ou koöperasie uit die ou ekonomie kom. Hulle het op kommoditeite gefokus, prys was belangriker as kwaliteit. Hulle was net betrokke by die boer se aktiwiteite, insette en afneem van produk.

Die nuwe koöperasies moet meer gespesialiseerd en ingeweef in die waardeketting wees. Hulle sal meer spesifiek vir die verbruiker wees. Kwaliteit, nismark, en spesiale karaktertrekke van jou gesaaides en diere sal benadruk word. Daar sal nie net in fisiese fasiliteite geïnvesteer word nie, maar ook in intellektuele kapitaal.

Dit is 3 opsies, regulering, mededingingsmag nuwe koöperasies. Laastens die 4de opsie kan boere dinge laat gaan soos dit gaan, dit kan lei na die hoenderplaas opsie, of nie. Dit vereis die minste investering en die minste werk.

Die wêreld se mense word meer, en hul inkomstes styg. Dit sal die vraag na kos ook verhoog. Dit is iets om oor na te dink, onthou net soos wat lande ontwikkel, so leer hulle om hul landbou te ontwikkel.

7. DIE NUWE BOER

Soos ons nou al gesê het moet die boer kennis hê, inligting verwerk, netwerk en meer gekoördineerd binne die waardeketting opereer. Dit loop lynreg teen hoe die wêreld boere sien.

Ek het al gehoor, boere sal vinnig 'n nuwe variteit plant, nuwe chemie gebruik, nuwe voedings en nuwe toerusting aanwend, maar 'n ander manier van besigheid, nie maklik nie. Ek dink omdat jy afhanklikheid moet inboet vir interafhanklike besluitneming.

Jy moet die volgende vraag vra. Wat is my besigheid? Ons fasiliteer water, sonlig, en grond en produseer bio-massa. Ons is in volhoubare bio-massa produksie, ons moet met ons verbeelding kyk hoe ons iets kan produseer met waarde en wat deur iemand gesoek word. In plaas daarvan om dit te verkoop wat ek produseer.

Dit is die boer se rol in die waardeketting in 'n neute dop.

Die boer is die bestuurder van bio-massa en hulpbronne: grond, water, en die plante en diere. Die boer is 'n

entrepreneur wat 'n mark kry wat hy kan voorsien. Boerdery moet by bemarking begin en nie daar eindig nie. Die markte is dalk nie gewone voedselmarkte nie, vermaak, farmaseutiese produkte, konstruksie materiaal of toerisme ens. Elke boer sal doen wat hy kan, en hy kan dalk in 'n totaal ander waardeketting as sy buurman opereer.

Dit vereis boere met ekstensiewe kennis en entrepreneurs vaardigheid. Dit kom neer op 'n meer gefragmenteerde plaaslike gemeenskap. Hoe meer wetenskaplik en entrepreneuries ons gaan boer, hoe meer divers en verskillend gaan boere word. Jou lewenstyl, waardes sal jou definieer, dit sal kultuur terugbring in landbou.

Boere moet praat oor die toekoms van die industrie, meer as oor verskillende tegnieke. Ons het 'n nuwe perspektief nodig, nuwe uitsig, nuwe raamwerk van denke. Om 'n boer te wees gaan anders wees as waaraan ons gewoond is. Ek hoop net dat produsente hul self kan herdefinieer voor die koste om te verander te hoog is.

Sal boere al die goed wil doen op hul eie of in groepe. Party sal vroeg begin, die meeste sal baat vind deur dit in groepe te doen. Daar is plek vir verskeie soorte netwerke en assosiasies.
Bo alles sal die boer interafhanklik, entrepreneuries binne 'n netwerk werk, met 'n hoë kapasiteit om inligting te verkry en te evalueer. Asook om goeie verhoudings met ander boere en assosiasies, koöperasies en besighede te hou.

Ek wil afsluit met 'n paar gedagtes.

8. PAAR GEDAGTES

Albert Einstein. We cannot solve our problems with the same level of thinking that created them.
Alle beweging is nie vooruitgang, As stres en angstigheid en chaos jou omring, stop vir 'n oomblik en bedaar. Die beste tyd om diep asem te haal is wanneer jy nie tyd daarvoor het nie. Fokus op wat belangrik is en gee jou meeste energie daarvoor. Die lewe is vol probleme en geleenthede. Wat jy sien is wat jy wil sien. Die lewe is wat jy daarvan maak, kyk verby die probleme na die geleentheid wat jou aandag soek.

Jonathan Safran Foer. You cannot protect yourself from sadness without protecting yourself from happiness.
Vat die lewe se op en af, moenie net fokus op geluk nie. Fokus op 'n gebalanseerde lewe, sodat jy kan groei.

Epicurus. Do not spoil what you have by desiring what you have not; remember that what you know have was once among the things you only hoped for.

Maya Angelou. When you know better you do better.
Hou aan om te leer, bly oop vir nuwe idees. Daag jouself uit.

Claude Levi Strauss. The scientist is not the person who gives the right answers, he is the one who asks the right questions.
Suksesvolle mense het nie altyd die antwoorde nie, hulle vrae gewoonlik die regte vrae.

Libba Bray. In every end, there is also a beginning.
Soos die Prediker ook sê alles kom tot 'n einde. Dit is belangrik om te weet iets is nou klaar en moenie vasklou nie. Maak die deur toe, blaai om en beweeg aan.

9. BIBLIOGRAFIE

1. Murray Fulton en Kim Sanderson, "Co-operatives and Farmers in the New Agriculture" verslag voorberei vir die sekretariaat, landbou en voedsel Kanada, Maart 2002.
2. David C. Jones, Empire of dust: Settling and abandoning the prairie dry belt (Edmonton: University of Alberta Press, 1987.
3. Jill E. Hobbs en Linda M. Young, Vertical Linkages in Agri-food supply chains in Canada and the United States (Ottawa: Agriculture and food Canada, 2001)
4. Mona Holmlund en Murray Fulton, Networking for Success: Strategic Alliances in the New Agriculture (Saskatoon: Centre for the study of Co-operatives, University of Saskatchewan, 1999)
5. G. Hendrikse en J. Bijman, On the emergence of new Growers"
6. A. Harris, B. Stefanson, en M. Fulton, "New Generation Cooperatives and cooperative theory, "Journal of Cooperatives11 (1996): 15-28.
7. M. Boehlje, Industrialization of Agriculture: What Are the Implications? "Choices, 4th Quarter (1996):30-33.
8. M. Webber, J.E. Austin , World Bank. Tools that make value chains work: A Methodical Guide.